REFRAIN
JOUBERO MALHERBE

MISCELLANEA GENERALIA 17

UNISA

REFREIN

Joubero Malherbe

Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

© 1995 Universiteit van Suid-Afrika
Eerste uitgawe, eerste druk 1995
Eerste uitgawe, tweede druk 1997

ISBN 0 86981 901 1

Uitgegee deur Unisa Uitgewers, Universiteit van Suid-Afrika,
Posbus 392,
0003 Pretoria
Geset deur Pretoria Setters, Pretoria
Gedruk deur Nasionale Boekdrukkers, Kaapstad

Uitgewersredakteur: Sarie Moolman
Uitleg en omslag: Karin Maul

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier - hetsy meganies of elektronies, met inbegrip van plaat- en bandopnames en fotokopiëring - gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, met die uitsondering van die redelike gebruik van aanhalings vir navorsings- of resensiedoeleindes.

'n Geldelike bydrae van die Unisa Transnet Musiekstigting word met dank erken.

Van die sketse het onder die titel 'Ricordare' in *Musicus* verskyn en word met die goedgunstige toestemming van die redakteur in *Refrein* opgeneem.

OPGEDRA AAN
ETIENNE EN
JOHN

INHOUD

Tito Gobbi	1
Cecilia Wessels	7
Gary Karr	16
Elsie Hall	20
Mimi Coertse	25
Hennie Joubert	33
Helena Strauss	39
Dirkie de Villiers	44
Betty Pack	48
Marina de Gabarain	56
Suna Korat	60
Gé Korsten	63
Philip McLachlan	69
Emma Renzi	75
Stephen Eyssen	81

Blanche Gerstman	85
Hannes Uys	90
Babsita Moolman	95
Dawid Roode	99
Irmgard Seefried	103
Steven de Groote	107
Joyce Barker	112
Albrecht Lewald	116
Marita Napier	122
Hubert du Plessis	126
George Fourie	129
Musiekkompetisies	131
Beoordelaars	136
Johan Coetsee	138
Joyce Cooper	142
Mozart	144
Van orrels en orreliste	149
Joubero Malherbe	157
Naamregister	160

TITO GOBBI

Doodsberigte fassineer my nog al die jare, maar elke keer as 'n beroemde kunstenaar se naam verskyn, besef 'n mens met 'n skok hoeveel van die wêreld se beroemdste musici se stemme al stil geword het. Daarom wil ons onthou ...

Een van die grotes – groot van gees met enorme talent – was seker die bariton Tito Gobbi.

Vir baie jare was hy 'n huishoudelike naam in menige huis. Deur sy rolprente, waarvan daar 27 of 28 gemaak is omdat hy destyds nie werk kon kry nie, het hy hom kom tuismaak by ons. Wie onthou nie *The Glass Mountain* en die talle operarolprente nie?

Met sy besoek aan Suid-Afrika as lid van 'n Italiaanse operagroep in 1952, kon mens maar net van 'n afstand na hom luister en hom bewonder, maar toe Truk Tito Gobbi in 1971 genooi het om die belangrike rol van Scarpia in *La Tosca* van Puccini te kom sing, was die geluksgodin aan ons kant. Die opgewondenheid was groot ... dat ons almal nader kennis kon maak met hierdie reus van die operawêreld was wonderlik.

Neels Hansen, die bekende regisseur, moes *Tosca* afrig. Omdat Tito Gobbi eers twee dae voor die openingsaand in Suid-Afrika sou aankom, het Neels na Rome gevlieg om die opera met Gobbi te bespreek. Die Gobbi's het hulle harte en huis oopgegooi, en in die ruim woning is *Tosca* tot in die fynste besonderhede ontleed.

Miskien moet ek die woning vir u beskryf. Dit was 'n groot grys gebou met netjiese simmetriese grasperke voor, omring deur smal blombeddings. Die vensters was groot en vierkantig. In die voorportaal was daar reuseplante. Dit was vir my so 'n skrille kontras met die ou ruïnes van die ewige stad Rome.

Een van die treffendste opmerkings wat Gobbi tydens hulle gesprekke oor *Tosca* gemaak het, was 'Die rol van Scarpia is so 'n groot stuk werk dat jy 'n leeftyd nodig het om dié rol te verstaan.'

Volgens Neels Hansen was Gobbi iemand wat gesoek en gedelf het na verborge dinge in die opera. Hy het honderde verwysingspunte gehad. Histories kon hy elke gebeurtenis musikaal of toneelmatig uitwys presies soos Puccini dit wou gehad het. So was Gobbi baie gesteld daarop dat wanneer hy as Scarpia sy eerste verskyning in die kerktoneel maak, almal op die verhoog moet vries. Ongelukkig het twee figurante die aand met die kleedrepetisie voor 'n genooide gehoor die bevel verontagsaam en so die ontsettende vreesgevoel vir Scarpia versteur. Met sy welluidende baritonstem kom dit toe: 'And where are you going?'

Ja, Gobbi was streng met jong kunstenaars, maar dan was hy nog strenger met homself. Hy het 'n wonderlike invloed

uitgeoefen, hy het medekunstenaars geïnspireer en dan het hy 'n buitengewone instink gehad vir dit wat toneelmatig was, 'n instink waarmee hy ryklik geseën was.

Dit was ook geen wonder dat sy meesterklasse so in aanvraag was nie.

George Kok, die tenoor wat die rol van Spoletta, Scarpia se handlanger, vertolk het, was een van die gelukkiges wat sonder om daarvoor te vra onverwags privaatonderrig van Gobbi ontvang het.

Om sesuur die aand het Gobbi vir George gevra om in die Pretoriussaal by die Pretoriase Stadsaal te kom repeteer aan die eerste bedryf. Hy het 'n stoel in die middel van die saal gesit en gesê: 'As ek by die stoel verby is dan is dit twaalf tree ... jy moet sorg dat jy nege tree agter my bly. Dit moet die hele tyd so bly want jy is my skaduwee. As ek staan, staan jy, maar die moment wat ek na vore draai moet jy agter my inglip ... soos 'n skadu op 'n muur wanneer jy nader aan die straatlig beweeg, en onthou, jy beweeg geruisloos!' Dit het volgens George presies so gewerk op die verhoog, want toe Gobbi gaan staan, was dit twaalf tree.

In 'n ander toneel in hierdie opera gee Scarpia vir Spoletta so 'n harde oorveeg dat hy moet val. George was bekommerd oor hoe hy moes val en het Gobbi daarna uitgevra. 'Toe maar,' het Gobbi geantwoord, 'jy sal weet hoe om te val as ons op die verhoog is.'

'Dit was asof daar op die verhoog die aand 'n magiese krag uit Gobbi se hand gevloei het en voor ek my kon kry het ek in angs en bewing voor hom gekruip net soos die rol dit verg,' vertel George.

Nog 'n moment in hierdie opera waar Gobbi met sy wonderbaarlike speeltalent al die deelnemers hulle asems laat ophou het, was nadat Caravadossi skree van die pyn van die foltering en Tosca dan sis 'Assasino!' Gobbi het sy hand opgetel, byna soos 'n klou, so asof hy Tosca wou verbrysel. Almal het verstyf ... stadig het hy sy arm laat sak en eers toe hy die krom vingers laat ontspan, is die geweldige spanning verbreek.

Miskien kan ons hier maar die bekende storietjie inlas oor sy eerste optrede as Scarpia. Hy het sy hele familie uitgenooi na die opvoering en na die tyd het hy hulle almal na 'n restourant geneem. Hy was nog so in sy rol verdiep dat hy al die kelners gehiet en gebied het met dreigemente totdat sy vader hom op die skouer getik het met: 'Jy is nie meer Scarpia nie, jy is Tito.'

Hoe 'n soort mens was Tito Gobbi? Hy was nederig, 'n fyn mens sonder enige pretensies, met 'n ontspanne persoonlikheid wat met 'n vriendelike geskerts spanning kon breek en almal op hulle gemak laat voel. So was daar met die eerste orkesrepetisie 'n bietjie spanning en toe die dirigent vir Gobbi vra om in die tweede bedryf na

Tito Gobbi in die rol van Scarpia in *Tosca* van Puccini

hom te kyk vir die moeilike inval saam met die Franse horings, was Gobbi se verweer: 'Jy sien, ek kan jou in elk geval nie sien nie want ek repeteer sonder bril ... dus, wanneer ek reg is vir die inval sal ek my sakdoek uithaal en waai! Hoe klink dit?'

Dit was my voorreg om vir Tito Gobbi en sy sjarmante vroutjie, want sy was klein van gestalte, te neem na die Ndebele-stat en met 'n omweg na die Hartbeespoortdam en terug.

Dit was Julie/Augustus en die Gobbi's kon nie uitgepraat raak oor die 'colores' van die bome en struike en die pragtige koraalbome wat daardie jaar besonder mooi was nie.

Ek het toe soos die spreekwoordelike 'fools rush in' 'n waterverfskilderytjie van 'n koraalblomtak gemaak en aan die Gobbi's gegee met hulle vertrek ... net om uit te vind dat Gobbi op 'n stadium in sy lewe nie kon besluit of hy moes skilder of sing nie!

Later was hulle toe vir ete by ons aan huis. Waaroor gesels 'n mens op so 'n aand? Dit was een van die stimulerendste aande in jare. Die gesprekke het gewissel van Picasso tot leeuwelpies, en ons het gekuier en gesels tot drie-uur die oggend.

Tosca het natuurlik ter sprake gekom. Gobbi het gemeen dat die toneelspel gelyk moet staan aan die sang en dat jy 'n deeglike studie van elke karakter wat jy vertolk moet maak. Dit is bekend dat daar sekere rolle was waaraan Gobbi byna 'n jaar gewerk het. Een van sy metodes was om op straat mense te betrag en te bestudeer en al hulle maniertjies en aanwendsels aan te teken.

Grimering was vir Gobbi van die grootste belang. Om sesuur die aand van 'n opvoering kon jy hom al in sy kleedkamer aantref, besig om tydsaam te grimeer en te akklimatiseer.

Ek weet ook nie in hoeverre dit bekend is nie, maar voordat Gobbi hier op die verhoog gestap het, het hy altyd eers op sy knieë geval en vir byna 'n minuut gebid om die Heer se seën te vra.

Hy was die aand by ons ook entoesiasties oor die someroperaskool wat hy in Florence geloods het en wat so suksesvol was. Ek hoor nog madame Gobbi skertsend sê: 'All those students in adoration of Gobbi! Poor things!'

Hy het vertel hoe hy een aand in 'n opera saam met Tito Schipa moes sing. Schipa was nie meer so jonk nie en kon nie meer die hoë note sing nie. Sonder om vir Gobbi te sê het hulle die hele opera met $1\frac{1}{2}$ tone verlaag. Gobbi het byna tien dode gesterf omdat hy gedink het daar is iets met sy stem verkeerd.

Op 'n keer wou ons weet hoe op aarde hy dit regkry om net sy een wenkbrou so verskriklik hoog te lig, veral in die rol van Scarpia? En toe volg 'n ongewone verhaal.

As jong seun het Tito Gobbi swaar asma-aanvalle gekry. Op 'n keer toe sy vader, wat 'n sakeman was, na Amerika gegaan het, het 'n goeie vriend wat 'n afrigter in skermkuns vir deelnemers aan die Olimpiade was, aangebied om die tengerige jong Tito onder sy sorg te neem. Tito het nie geweet wat op hom wag nie. Soggens vroeg moes hy gaan draf in die sneeu. Daarna het oefening na oefening gevolg. Sy borskas het verbreed en hy het 7 cm gegroei.

Sy spiere het in so 'n mate ontwikkel dat hy op bevel van sy leermeester 'n enkele spier kon roer wanneer daar op die besondere spier gedruk is met 'n rapier. Vandaar die een geligte wenkbrou en die dun hemp, sonder frokkie, in die middel van ons winter.

Nog 'n interessante vertelling was oor Gobbi se leeu, Figaro. Toe die Gobbi's in 1952 in Suid-Afrika was, het hy 'n pragtige leeuwelpie present gekry. 'Ja,' het sy vrou hom in die rede geval, 'daardie klein leeuwelpie was 'n baie moeiliker baba as ons dogter Cecilia toe sy klein was. Julle moes my op die vliegtuig gesien het met die klein diertjie in my arms. Elke paar uur moes hy gevoed word en net as ek hom neersit na 'n lang gesus dan begin hy kriewel. Ek was gedaan.'

Klein Figaro het by die Gobbi's in die huis gewoon totdat hy as groot leeu aan die dieretuin geskenk is. Gobbi vertel toe die volgende mooi storie: Hy en sy dogtertjie Cecilia gaan eendag vir Figaro kuier. Aan die geroep van 'Figaro, Figaro!' het die leeu hom nie gesteur nie, want bokant die hok was daar 'n bordjie, waarop gestaan het 'Figaro, 'n geskenk van Tito Gobbi' en almal het maar geroep, 'Figaro'. Sy dogtertjie het egter weggedwaal en toe Gobbi roep: 'Cecilia, Cecilia' het die leeu byna rasend geword. Hy het na die tralies gestorm en sy snoet probeer deursteek sodat Gobbi hom kon kielie soos hy altyd gemaak het. Na mooipraat het die bewaarder Gobbi in die hok toegelaat. Figaro het sy pote op Gobbi se skouers gesit en hom begin lek.

Die baadjie wat hy aangehad het, het 'n skeur gekry, maar Tito Gobbi wou dit nooit laat stop nie ... dit was sy soewenier.

Later het hulle Figaro oorgeplaas in 'n opelughok en vir hom 'n wyfie gekry, en volgens Gobbi, 'They made babies eleven times.' Ongelukkig het die wyfie gesterf. Figaro het so oor haar getreur dat hy op 'n eetstaking gegaan het en self gesterf het. Soos Gobbi dit so mooi gesê het: 'A beautiful story. My poor Figaro, he died for love.'

In sy memoirs *5 000 Nights at the Opera* vertel Rudolf Bing, destydse grootbaas van die Metropolitaanse operahuis in New York, dat die einste Figaro amper 'n stokkie voor Gobbi se loopbaan aan die Met gesteek het.

Bing wou graag vir Gobbi hoor sing, maar het gereken dat hy nie iemand met Gobbi



Tito Gobbi as Scarpia

se status aan 'n oudisie kon onderwerp nie. Gobbi het hom goedgunstiglik na sy huis genooi waar hy vir hom sou sing. Bing het hom tuisgemaak in 'n leunstoel en die pianis het die eerste akkoorde gespeel. Toe Gobbi egter begin sing, kom Figaro die kamer binnegestorm en peil reguit op Bing af. Bing was asvaal geskrik en is haastig daar weg nadat Cecilia vir Figaro aan sy stert uit die kamer gesleep het. Eers heelwat later het Gobbi die eer gehad om in die Met te sing.

Tito Gobbi, gebore 24 Oktober 1913 en oorlede 5 Maart 1984, se nalatenskap is nie net prag-plaatopnames, films en 'n boek, *Tito Gobbi on his World of Italian Opera*, nie, maar ook 'n voorbeeld van toegewydheid en groot nederigheid.

CECILIA WESSELS

'Nou kyk, my "darling", in vanaand se konsert, wat jou liewe, gawe man gereël het vir my, sê jy asseblief vir al daardie grênd ladies wat daar in die "front seats" sit, dat as hulle vir my hande klap, hulle asseblief hulle handskoene moet uittrek!' En Cecilia Wessels skink vir ons tee uit 'n silwer teepot. 'En ... o ja, sê vir Etienne hy moet my so teen vieruur se kant kom haal en saal toe neem. Jy weet ek hou daarvan om al my "toiletries", my vitamienpilletjies en my "make-up" uit te pak en myself gewoond te maak aan die saal. You know, you have to make friends with the hall.'

Dit was hier in die vroeë sestigerjare, toe die intieme Voortrekkergedenksaal in Visagiestraat nog dié saal in Pretoria was waar alle groot kunstenaars soos Heinrich Schlusnus en Gérard Souzay opgetree het. Na talle briewe uit die Kaap oor programme, begeleiers, ens, is alles finaal gereël en kon sy net na vieruur die middag opgelaai word met haar mooimaaktassie, haar aandrok met al sy blinkertjies, 'n mantel op 'n skouertjie en 'n fles met tee ... En die konsert die aand? 'n Reuse-triomf, soos al haar optredes tot in haar sewentigs.

Cecilia Wessels word vandag nog gereken as een van die beste – indien nie dié beste nie – dramatiese soprane wat hierdie land nog opgelewer het, veral in Wagner-rolle. Die stem was ryk, groot, sonder vibrato en suiwer. Die hoë note het soet en strelend bo die begeleiding uitgestyg. Dit was 'n natuurlike, Godgegewe 'wonder'-stem. Waaraan het sy dit toegeskryf?

'Jy sing soos jy praat, heel voor in die mond,' het sy eenkeer gesê. 'Jy moet gemaklik wees en goed asemhaal. Jy het jou longe gekry en die "diaphragm!" ... haal daarmee asem. Dis net asem en as die asem nie meer daar is nie ... dan is dit klaar!'

Baie mense het gedink Cecilia blaas haar eie beuel. Sy het rede gehad daartoe ... maar dit was juis die byna naïewe manier waarop sy dit gedoen het wat haar in jou hart laat inkruip het; soos die keer toe sy gevra is of sy plaatopnames gemaak het en, indien wel, waarom ons dit nooit hoor nie. 'Hulle is in Johannesburg ... in die "pigeon holes" ... beautiful singing, beautiful.'

In werklikheid het die eer wat haar moes toekom soms nie gerealiseer nie en moes sy haar bates onder gesaghebbendes se aandag bring. In briewe aan ons is dit byna pateties hoe sy moes smeek vir orkesoptredes. Tog was daar 'n nederigheid oor haar talent. 'Daar is nie so 'n ding soos temperament nie. Daar is geen hoogmoed nie. Talent ... dié moet van Bo kom ... jy kan dit nie maak nie,' het sy dikwels gesê.

Cecilia Wessels (gebore 7 Augustus 1895

– oorlede 14 Desember 1970) was die jongste van dertien kinders van sir Cornelius Wessels, toe administrateur van die OVS. Sy het haar kinderjare op Kwaggafontein, sowat tien kilometer buite Bloemfontein, deurgebring. Terwyl sy 'n leerling aan die Hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein was, het die sangonderwyseres Nina Reinecke Cecilia aangeraai om 'n sangloopbaan te volg. Aanvanklik het sy by prof P K de Villiers musiekonderrig ontvang, maar is later (in so ongeveer 1915/16) na die SA Kollege vir Musiek in Kaapstad waar prof W H Bell die hoof was. Haar lektore was Eveline Fincken vir sang, Mina Freud vir voordrag en Pierre de Beer vir klavier. Reeds toe het sy al saam met die Kaapse Simfonieorkes onder leiding van Theo Wendt opgetree.

Cecilia wou bitter graag vir verdere studie oorsee gaan, maar ou sir Cornelius Wessels het gesê: 'Eers as jy 'n getroude vrou is, mag jy gaan.' In 1920 is sy toe getroud met 'n Skot, prof James Hutcheson. Na slegs vyf maande is hy oorlede en, soos Cecilia self vertel het, het sy haar pa gekonfronteer met, 'Nou kan Pa my nie meer keer nie want ek is mos nou 'n getroude vrou!'

In 1922 begin sy haar sangstudies aan die RAM (Royal Academy of Music) in Londen. Een van haar lektore was sir George Henschel. Dit was egter die beroemde sir Henry Wood wat haar raakgesien het en gesorg het vir haar debuut in 1925 in die Queen's Hall tydens die Promenadekonserte onder sy leiding. (Sy kon so met smaak vertel dat hy vir haar gesê het, 'Wessels, don't let anybody touch your voice!')

Haar konsert was so 'n groot sukses dat sy vir drie agtereenvolgende seisoene gekontrakteer is. Die Old Vic Opera Company het haar ook drie operarolle aangebied waaronder Elisabeth in *Tannhäuser* van Wagner en Leonora in *Il Trovatore* van Verdi.

Na haar vader se dood keer sy in 1925 terug na Suid-Afrika om in Kaapstad met 'n Nieu-Seelander, Ernest Beecroft, in die huwelik te tree. Uit hierdie huwelik is daar twee kinders gebore, Cecilia en John Edwin. Een van Cecilia se mooiste stories dateer uit hierdie tydperk. 'n Mens moes haar dit eintlik self hoor vertel. Ek haal plek-plek aan uit 'n vertelling wat op band vasgelê is.

> Een slag is ek gevra om in Keetmanshoop te sing. Ek het daar gewoon met my man (hy was 'n mynmagnaat) en twee klein kindertjies. Ek was so angstig om te sing want ek het nou kort van Engeland af gekom en die stem was so pragtig. Ek het uitgevinne ... Nee, sê hulle, daar is g'n konsertsaal nie, daar's net die kerk maar hulle hou nie konserte in die kerk nie; O nee, dis 'n ding wat hulle nooit doen nie.
>
> Ek ontmoet die predikant en ek sê: 'Meneer, dis nie 'n konsert nie. Ek sal net sing met kollekte dan moet hulle ekstra

Cecilia Wessels na afloop van haar Goue Jubileumkonsert in die Stadsaal van Kaapstad saam met die Staatspresident en mev Fouché (foto: Colin Edwards)

insit vir die weeshuis of die kruppel kindertjies.' Hy sê nou goed. Hulle sê toe die stadsklerk se vrou, sy speel die orrel so mooi. Ons gaan toe oefen by die kerk en daar vind ek uit dis 'n gewone klein harmonium. Ek sê vir haar, 'Kyk, vanaand moet jy baie hard speel want ek gaan nog nooit hierdie orreltjie hoor nie.'

Die tyd kom, die kerk was gepak. Daar was Engelse, Jode, al die nasies, en dié wat nie kon inkom nie het buite gestaan ... Dit was so 'n stil aand, dan kan jy die stem so vér hoor, en die predikant, 'n wonderlike liewe man, sê: 'Ons suster Cecilia sal nou sing.' Ons beginne en toe ek so die laaste noot van die Hallelujah vat ... toe hoor ek zieeeeng, zieeeeng, sê die orrel en so uit die kant van haar mond sê die orrelis: 'Die orrel is gebreek.' Hô, ek dag dit was te snaaks. Sy begin toe lag en ek begin te lag. Die predikant bedank my toe; hy't so mooi gepraat ek het amper trane in my oë gekry ... maar nou moet ek vir hom gaan sê ek het die orrel gebreek. Ek het later 'n bietjie koerasie gekry en bang-bang die konsistorie binnegekom. Toe hy my sien vat hy my so in sy arms en sê 'Ag, mej Wessels, baie dankie vir die wonderlike sang en báie dankie dat jy die orrel gebreek het ... ons moes al lankal 'n nuwe een gehad het.'

Byna tien jaar lank het sy konserte oral in Suid-Afrika gegee, maar die omstandighede was soms maar primitief. Ek haal aan uit een van haar briewe, geskryf kort voor haar Goue Jubileumkonserte.

> I am happy and thankful to think that it has taken me fifty years of hard work to prove to South Africa that we have the talent in our country, if only they will recognise that talent. Believe me, I have had to struggle to get recognition because when I started there were no decent concert halls, no concert agents, no airplanes, no wonderful motoring roads. You had to struggle. Today that same voice is competing with the modern musicians, and I am able to hold my own after fifty years of giving my voice to the good of my country.

In 1935 keer sy terug na Europa en Engeland. Onmiddellik het sir Henry Wood haar gevra om in die 'Prom' te sing. Gou het die nuus versprei dat 'n Wagneriaanse sopraan van wêreldgehalte haar opwagting gemaak het. Almal wou haar gebruik. Sir Thomas Beecham, asook Sadler's Wells-opera, waar sy reusesukses behaal het in *Die Walküre* as Brünnhilde, in *Cavalleria Rusticana* as Santuzza en as Venus in *Tannhäuser*, het haar geloof. In Parys het sy 'n opskudding veroorsaak aan die Opéra-Comique tydens 'n Wagnerfees. Die dirigent Karl Elmendorff van Bayreuth-faam wou weet waarom sy in Suid-Afrika bly, met so 'n besondere stem. Op kenmerkende Cecilia-manier het sy geantwoord, 'Because, you see, I love my country.'

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het sy teruggekeer, maar nooit opgehou sing nie. Dit was nooit nodig om Cecilia te smeek om te sing nie. Nie alleen het sy dikwels saam met die Kaapse Simfonieorkes opgetree nie, maar by meer as een feesgeleentheid het sy gesing: in 1938 met die simboliese ossewatrek, in 1947 met die Koninklike besoek, en in 1949 op 16 Desember met die onthulling van die Voortrekkermonument in Pretoria was sy die solis. Met die Van Riebeeck-fees in 1952 het sy 'Die Stem van Suid-Afrika' voor 40 000 mense gesing met M L de Villiers voor die orrel as deel van die orkes. Dit was ook die eerste keer dat 'Die Stem' in Engels gesing is.

Ander geleenthede waar sy opgetree het was by die begrafnis van dr T E Dönges, die inswering van president Jim Fouché en die aftrede van president C R Swart. Dit was met hierdie laaste geleentheid dat daar weer so 'n tipiese 'Cecilia'-insident was. Een van die liedere wat sy sou sing was 'n komposisie van Dirkie de Villiers, 'Brand, fakkel brand' met woorde deur president C R Swart. Sonder om vir iemand iets te sê het sy 'n klein flitsliggie onder haar ryklik versierde mantel weggesteek. Toe sy by die hoog dramatiese 'Brand, fakkel brand' kom, het sy die flitslig aangeskakel en triomfantlik omhoog gehou: 'Ag nee wat, 'n mens moet darem sorg vir die ''lighter moments!'',' het sy gesê.

Sy het 'n toer deur die destydse Rhodesië onderneem en in 1950 die hele Suid-Afrika deurreis toe SAMUT haar gekontrakteer het vir dertig konserte. Haar begeleier was toe Ashley Hartley. Toe Bloemfontein honderd jaar oud geword het, was sy die solis saam met die destydse Johannesburgorkes met Jeremy Schulman as dirigent. Met die mondigwording van die SAUK in 1957 is sy gevra om te sing aangesien sy die heel eerste sangeres was wat uitgesaai het in 1924, voordat die radiowese in Suid-Afrika bekend gestaan het as die SAUK.

Ná die oorlog het sy haar oorsese loopbaan voortgesit. In 1947 het sy saam met die bekende LSO (London Symphony Orchestra) onder leiding van Basil Cameron die Royal Albert Hall vol gesing.

Koningin Elizabeth II het in 1952 die Engelse troon bestyg. Daar is toe besluit om 'n koor van 400 uitgesoekte sangers uit die Gemenebes saam te stel om tydens die kroning in Westminster-abdy te sing.

Cecilia het van hierdie koor gehoor en haar opwagting gemaak. Sy het voorgesing, maar moes toe verneem dat daar 'n ouderdomsperk van, ek is nou nie meer seker nie, 35 of 40 was. Vir Cecilia was dit geen probleem nie ... met 'n innemende glimlag sê hierdie vrou van toe 57 jaar – 'Isn't it wonderful? I just make it!' En siedaar, nie alleen het sy tydens die kroning gesing nie, maar ook in Sint Pauluskatedraal. Die daaropvolgende Galakonsert in Sint James-paleis tesame met

die beroemde pianis Gina Bachauer was 'n hoogtepunt, en ek onthou hoe sy eenkeer in 'n radioprogram vertel het van die wonderlike konsert waar sy die 'koningin-moederin' ontmoet het.

Dit was in dié tyd dat sy met die BBC onderhandel het om Arnold van Wyk se Kerskantate uit te saai. Sy het as solis opgetree saam met die BBC-orkes onder leiding van sir Adrian Boult.

Die jaar 1953/54 was 'n bedrywige jaar vir haar. In Belfast het sy *Aïda* gesing, asook in twee seisoene van orkes- en oratorium-uitvoerings. Vir Radio Hilversum het sy Franse kunsliedere in 'n konsert gesing. Dan was daar nog 'n baie suksesvolle sanguitvoering in die bekende Wigmore-saal met niemand minder nie as Gerald Moore as begeleier.

Weer eens het sy, soos in die verlede, aan die Proms (Promenadekonserte) deelgeneem en terselfdertyd vir die BBC opgetree. In September 1953 het sy Suid-Afrika verteenwoordig by 'n wêreldkongres in Kopenhagen. Dit is interessant om te sien saam met watter dirigente sy oorsee en tuis opgetree het. Eerstens natuurlik sir Henry Wood, dan Karl Elmendorff, sir Thomas Beecham, sir Adrian Boult, sir Malcolm Sargent, Charles Groves, Albert Coates, Walter Goehr, Enrique Jorda, Basil Cameron, Charles Raybould, Hugo Rignold, Anatole Fistoulari, Pierre Colombo, Leo Quayle, Anton Hartman, Francesco Mander, Bernard Heinze en Jeremy Schulman.

Suid-Afrika het weer geroep en Cecilia het teruggekeer na haar groot herehuis in Kaapstad (die huis bestaan nog). Hier in die Kaap was sy seker een van die bekendste figure. Sy was lief om te onthaal, tuis sowel as in die teekamer van Stuttafords. Een oggend in die week het die personeel gesorg dat mej Wessels se teetafel smaakvol gedek is, want dit was waar sy soos 'n ware diva die septer geswaai het.

Hier kon sy heerlik gesels oor haar oorsese ervarings, oor oudhede wat sy versamel het, oor blomme waarvoor sy lief was, oor resepte waarvan sy baie geweet het, oor juwele wat sy geken het, en miskien die graagste oor mooi klere en die heel nuutste modes.

Tussendeur het sy nog gereeld konserte gegee en opgetree saam met orkeste, maar dis oor haar bewustheid van alle nuwe modes en giere dat ek graag 'n storie wil vertel. (Ek is seker dat Cecilia nie sou omgegee het nie, want sy het 'n fyn sin vir humor gehad.)

As ek reg onthou, was dit hier in die laat sestigerjare dat vals wimpers wat jy so aan jou ooglede plak hoog in die mode was. Die byderwetse Cecilia het natuurlik onmiddellik vir haar ook wimpers aangeskaf. Nee kyk, al is jy amper sewentig – mode is mode.

Sy moes saam met Helena van Heerden, 'n bekende pianis, gaan optree in Stellenbosch en wel in die ou Musiekkonservatoriumsaal. Sy was altyd baie gesteld op

haar voorkoms en Helena is al 'n week tevore geskakel om te vra watter rok sy gaan aantrek, want eerstens moes die kleure nie bots nie en tweedens moes die begeleidster darem nou nie die sangeres oorskadu nie.

Vroegmiddag was Cecilia al by die saal, maar die aand merk Helena dat sy vir die eerste keer aan haar wimpers borsel net voordat hulle op die verhoog moet gaan. Hulle stap op, en daar bars 'n oorverdowende applous los. Soos een man staan die hele gehoor op om eer aan Cecilia te betuig, en dit voordat sy 'n enkele noot gesing het.

Die konsert begin. Die eerste Brahms-lied is gesing. Skielik sê Cecilia: 'Darling, ons gaan af, gehoor!' Verbaas kyk Helena op en sien swart maskaratrane oor Cecilia se wange biggel. Sou sy so aangedaan wees oor die roerende ontvangs wat sy gekry het? Met 'n ondersteunende arm help sy haar van die verhoog af tot voor die spieël in die kleedkamer.

'Darling, ek sê vir jou hierdie "false eyelashes" kan hulle maar hou. Kyk nou hoe lyk my make-up.' Toe Helena haar help om die oorsaak van die trane af te trek, kon sy haar lag nie bedwing nie: 'Maar Cecilia, jy het dan die ellendige goed agterstevoor aangeplak. Geen wonder die omgekrulde haartjies het jou oogbolle gekrap nie!' Dit was die laaste sien van vals wimpers.

Dit is maar een van die talle staaltjies uit die kleurryke lewe van 'n vrou wat 'n legende in haar eie leeftyd was.

So dikwels vra mense hoe op aarde dit moontlik was dat sy haar stem kon behou tot in haar sewentigerjare. Dit was 'n natuurlike stem waarmee gelukkig min gepeuter is. Sy het verder oor besondere asembeheer beskik maar boweal was sy 'n sterk, gesonde mens met verstommende stamina. 'n Goeie voorbeeld is toe sy as 72-jarige op kort kennisgewing van minder as 24 uur moes instaan vir 'n feeskonsert in die Kangogrotte naby Oudtshoorn.

Nog iets wat baie jong sangers by haar kan leer is dat sy nooit, soos so baie sangers vandag, 'n paar uur of 'n dag voor 'n optrede by haar bestemming aangekom het nie. Sy het gesorg dat sy 'n paar dae voor die tyd arriveer om aan die klimaat en die hoogte bo seespieël gewoond te raak. Oor haar vroeë aankoms by die teater om só rustig te raak, kan kunstenaars maar nadink.

Verder was sy nie net 'n spontane mens wat haar sê gesê het nie, maar was sy in haar sang soms só spontaan dat dirigente nie altyd geweet het hoe lank sy 'n noot gaan aanhou of wanneer sy stadiger gaan sing nie.

Anton Hartman het altyd vertel dat hy Cecilia se groottoon dopgehou het. As die toon waarmee sy tyd gehou het stadiger gaan, dan het hy 'n ritardando gedirigeer en as die toon gaan stilstaan het, het hy geweet nou gaan sy die noot lank aanhou.

Haar laaste sangjare was tog glorieryk. Met die viering van haar Goue Jubileum van Sang is sy oral toegejuig en het sy die erkenning van haar musiekvriende ontvang. (Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het haar reeds in 1959 vereer met 'n medalje.)

Die 13de Maart 1969 was vir Cecilia 'n onvergeetlike aand. Dit was die viering van haar vyftig jaar as sangeres. Die Stadsaal van Kaapstad was gepak. Die Kaapstadse Stadsorkes is gedirigeer deur Derek Hudson. Voor pouse het sy twee arias uit Franse operas gesing, naamlik 'Pleurez mes yeux' uit *Le Cid* van Massenet en 'Adieu, fôrets' uit *Jeanne d'Arc* van Tsjaikowski.

Maar laat Cecila self vertel van hierdie, vir haar, wonderlike aand.

> After the interval I was on. First with Senta's Ballade, *Flying Dutchman*, Wagner. This aria has a terrific cadenza that is sung like lightning at the end of the aria.
>
> Well, this brought the house down and the audience started standing up and shouting 'Bravo, Encore'. I returned several times to the platform with thundering applause. Then the State President and Mrs Fouché and the Mayor rose in their seats and the audience gave me a standing ovation while I was receiving many bouquets, cheers, etc.
>
> Then the young conductor Derek Hudson, 38 years, wanted me to sing 'Dich teure Halle', *Tannhäuser*, Wagner. Here I went all out singing four big arias without turning a hair. I wore the same dress as in Pretoria with the diamond tiara. Really, it was a great night. Then followed a reception by the Mayor in his parlour and here I received kisses from him, the State President and the guests. The State President made a wonderful speech in my honour. So came the *great night* of *my career* to an end.

Die finale 'Vaarwel'-konserte het plaasgevind in Oktober 1969. Die 17de Oktober het sy die laaste keer saam met die SAUK-orkes onder leiding van Francesco Mander in die stadsaal van Johannesburg gesing, en die 31ste was ons bevoorreg om in Pretoria in 'n Truk-konsert met Leo Quayle vir die heel laaste keer te kon luister na Cecilia, die sangeres met die fenomenale stem, en Cecilia, ons liewe vriendin.

Op 14 Desember 1970 is Cecilia Wessels oorlede in die Volkshospitaal, Kaapstad. Vroeër, in 1968, tydens 'n toer wat sy vir Kruik onderneem het, het sy by die trappe van die Veremarksaal in Port Elizabeth afgeval. Of dit 'n voorloper was van die beroerte-aanval of die oorsaak van die aanval was, sal niemand ooit weet nie.

Hoe jammer dat sy so min plaatopnames gemaak het. Sy het wel, so word vertel, 'Afrikaners, landgenote' en 'Die Stem' opgeneem in die Alhambrateater in Kaapstad, glo in die middernagtelike ure om straatgeluide uit te skakel. Ek weet

Cecilia Wessels (foto: J K de Vries)

dat haar neef, mnr Schalk Visser, hom beywer het vir 'n plaat. Die SAUK het wel in 1969 die stem vir die nageslag opgeneem en selfs op die ouderdom van 74 stuur hierdie stem nog koue rillings langs jou ruggraat af as sy die 'Liebestod' uit *Tristan en Isolde* sing.

Cecilia Wessels was nie net 'n legende in haar leeftyd nie, sy sal vir altyd bly voortleef en sal onthou word nie net as 'n sangeres nie maar as 'n vriendin met 'n warm hart wat uit dankbaarheid vir jou tjienkerientjees uit die Kaap stuur.

GARY KARR

Elke keer as ek die amusante video met die vleidiertjiesorkes van McCartney se 'We all stand together' sien, dan dink ek onwillekeurig aan Stokowski se woorde oor Gary Karr, die kontrabasspeler: 'Gary het die klank van die brulpadda in die lelievywerorkes omskep in iets wat musiek maak, wat woorde nie kan beskryf nie.'

Toe dit bekend word dat Gary Karr aan Suid-Afrika besoek sou bring, het menige hulle wenkbroue gelig – 'n solo-uitvoering op 'n kontrabas! Nee dankie! Wat 'n verrassing het nie op hulle gewag nie! Hy kon daardie logge instrument laat sing, laat dartel en laat spreek tot jou diepste wese.

Aan sy kosbare Amati-kontrabasviool is 'n mooi storie verbonde. Dié unieke instrument (waarvan Amati slegs drie gebou het, in 1611) het behoort aan Serge Koussevitzky, wat 'n baie bekende kontrabasspeler was voordat hy hom op dirigeerwerk toegelê het. Toe Koussevitzky 'n eredoktorsgraad ontvang het, het hy in plaas van 'n bedankingstoespraak 'n solo op sy kontrabas gespeel. In 1929, pas na sy enigste plaatopname, het hy die Amati vir altyd gebêre.

Nadat die weduwee van Koussevitzky een aand 'n uitvoering deur die jong Gary Karr bygewoon het, skakel sy hom die volgende oggend in sy hotelkamer. Gary kon dié storie met smaak vertel. In haar diep altstem kondig sy aan, 'Dis Madame Koussevitzky hier', en Gary, wat dag dat dit 'n vriend is wat met hom gekskeer, antwoord so ewe: 'Yeah baby, as u Madame Koussevitzky is, dan is ek president Kennedy.' Gelukkig het sy gedink dis snaaks, want die doel van haar oproep was om Serge Koussevitzky se kosbare Amati-kontrabas aan hom te skenk.

Om met so 'n instrument van byna 400 jaar die wêreld vol te reis skep nogal probleme. Soos Gary vertel: 'Ek moet 'n ekstra plek op die vliegtuig vir hierdie ''girlfriend'' van my bespreek – die ekstra ete wat ek kry vergoed nou nie juis nie!' Medereisigers het hom al heerlik geterg, maar hy geniet dit. 'Haai, hoekom speel jy nie liewers piccolo nie?' 'Hoor hier, sit die ding onder jou ken!, of 'Is dit jou beste?' waarop hy dan antwoord: 'Ja, en kyk hoe gelukkig is ek – sy kla nie en dank vader, sy kan nie terugpraat nie.'

Gary kom uit 'n kontrabasspelerfamilie. Hy is in 1941 in Los Angeles gebore. Sy oupa het hom op negejarige leeftyd agter 'n kontrabas ingedruk om saam met sy oupa, sy pa, twee ooms en drie nefies te speel. Toe hy dertien jaar oud was, het hy reeds oral opgetree. Hy het sy studies aan die Julliard-musiekskool in New York voortgesit, en was 'n tyd lank lid van die fakulteit.

Vandag is hy wêreldwyd bekend en word hy as die volwaardige opvolger van Domenico

Dragonetti, Giovanni Bottesini en Serge Koussevitzky gereken. Omdat daar nie 'n groot repertorium vir solokontrabas bestaan nie, het verskeie komponiste, byvoorbeeld Hans Werner Henze en Alec Wilder, werke vir Gary gekomponeer.

Gary het al as solis met meer as honderd orkeste opgetree en ontelbare uitvoerings dwarsoor die wêreld gegee. Sy uitvoerings is werklik 'n belewenis. Van die ernstigste werke, byvoorbeeld die 'Kol Nidrei' van Max Bruch, tot die vermaaklike 'Die vlieg en die olifant', vind 'n plek in sy program. Hy het 'n aansteeklike humorsin en dikwels skaterlag sy gehoor, veral as sy spel met allerlei gebare opgeluister word. Soos iemand opgemerk het: 'Mens kan sien hy kom uit Hollywood.'

Dit is juis hierdie vermoë om musiek prettig te maak wat hom so gesog maak om meesterklasse aan te bied. Hy het 'n byna hipnotiese effek op sy talryke kindergehore. Hulle hang behoorlik aan sy lippe en doen alles wat hy vra. Menige jongmens in Suid-Afrika kan hiervan getuig, want dit was my voorreg om so 'n meesterklas deur hom op 30 Julie 1979 te organiseer. Ek was destyds verbonde aan die Instituut vir Voortgesette Opleiding van Unisa en het besef: dié klas sou 'n wenner wees.

Dit was dan ook so – ek wonder hoeveel ouers my verkwalik het, want dat daar om hulle geneul is om kontrabas te speel was verseker. Soos een van die geteisterde ouers gesê het: 'Wat het jy aan ons gedoen!'

Die kinders het hom aanbid – geen wonder nie dat hulle die aand van 4 Julie ná sy solo-uitvoering in die Musaion aan die einde van die program *en masse* na die verhoog gestorm en uitgeroep het: 'The fly and the elephant, please!!' Hierdie werkie dien eintlik as 'n demonstrasiestuk om te wys watter groot verskeidenheid van klanke die kontrabas kan optower. In Gary Karr se hande het dit 'n ware juweel geword. Sy meegaande vertelling van die vliegie wat op die ou olifant verlief geraak het was 'n fees. Die fyn stemmetjie van die vliegie in kontras met die diep klanke van die olifant was tog te beskrywend. Die kleingoed kon net nie genoeg hoor nie en Gary moes dit warempel herhaal, tot groot vermaak van die gehoor.

Dit het 'n mens laat besef waarom sy TV-aanbiedings vir die jeug in die VSA so suksesvol was.

Maar nou kom ons by 'n heerlike storie oor Gary Karr. Hy was in Johannesburg tuis en het oorgery na Pretoria vir sy uitvoering. Ons het hom genooi om ná sy solokonsert by ons te oornag sodat ons vroeg die volgende oggend na die Ben Albertswildtuin by Thabazimbi kon vertrek.

Gary was baie opgewonde oor die besoek – sy tyd was beperk en buitendien is hy geweldig lief vir diere. Sy huis in Amerika is aan die rand van 'n bos en klein wildsbokkies kom loer dikwels by hom in, veral in die winter wanneer die sneeu sy wit donskombers uitgesprei het.

Gary Karr met sy Amati-kontrabas

Na die uitvoering was daar 'n onthaal, en toe ons wou huis toe gaan ontdek Gary met 'n skok dat sy tas met sy klere en ander benodigdhede terug is na Johannesburg saam met sy gasheer en gasvrou.

Maar, tipies van Gary, bars hy uit van die lag want daar staan hy in sy manelpak, blinkleerskoene en ligblou valletjiesaandhemp – reg vir die wildtuin! 'I'm afraid this is going to be a very formal visit to the game park!' sê hy laggend.

By die huis aangekom het ons begin soek na iets wat hy kon dra. Sy nagklere? 'n Vroumens se 'shortie' T-hemp-nagrok. Tandeborsel – gelukkig 'n nuwe. Skoene – almal te klein, so ook broeke. 'n Trui – gelukkig een wat pas – en so het die passery aangegaan totdat ons laggend besef het dat Gary regtig die wildtuin formeel sou moes besoek, blink skoene en valletjieshemp inkluis!

Die twee dae was heerlik – saans om die braaivleisvuur kon ons ure gesels en lag.

Saam kon ons die diere dophou en een met die natuur word. Te gou moes ons terug. Gary was geamuseerd deur die eienaardige manier waarop 'n volstruis 'n appel of lemoen so al langs sy lang nek laat dribbel tot in sy maag. Met ons vertrek kom 'n pragtige volstruismannetjie na die omheining van die kamp – miskien om te groet. Gary wou graag iets vir hom gee, en toe hy 'n appel deur die draad steek begin die voël te dans. Hy buig voor Gary, strek sy vlerke wyd uit, flap hulle op en af en begin draaibewegings met sy nek maak – so 'n ware rituele dans van aanbidding!

Ons wou ons breek van die lag en tot vandag toe bly ons oortuig daarvan dat dit sekerlik daardie ligblou valletjieshemp en blink skoene was wat die voël bekoor het.

Gary teken altyd sy naam met 'n G-sleutel vir die G – miskien is dit tekenend van iemand wat die sleutel het tot die musiekwêreld vir kinders en jongmense.

ELSIE HALL

'Has the piano been cleaned?' en met 'n deurdringende blik en haar klein figuurtjie penorent spreek die 95-jarige Elsie Hall my man aan. 'But of course, doctor' (sy het in 1957 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang). 'That's no good. Where can I find some dirt?' En soos 'n wakker meerkatjie loer sy agter die skerms van die verhoog rond op soek na 'dirt'. Wonder bo wonder, en tot my man se verligting, want hy het die konsert gereël, staan daar 'n potplant. Soos 'n valk op sy prooi peil sy af op die plant, vryf haar hande in die grond en met 'n tevrede glimlag sê sy: 'Good – now I can play. I need some dirt so my fingers won't slip.'

En wat 'n onvergeetlike aand was dit nie in 1973, daar in die intieme Kleinteater in Skinnerstraat in Pretoria nie. In haar blou Viktoriaanse fluweelrok het die witkopvroutjie ons meegevoer van Bach tot die twintigste-eeuse komponiste. Die applous was oorweldigend en toegif na toegif het gevolg. Sy was in haar element en self so meegevoer dat haar wangetjies al rooier en rooier geword het.

Haar mediese dokter, dr Ingram Anderson, was bewus van haar hoëbloeddruk-kwaal, en het hom na die verhoog gehaas, verlof gevra, Elsie Hall se hande gevat en aangekondig: 'Dames en here, Elsie Hall is byna 'n eeu oud en haar gesondheid is nie meer van die beste nie. Sal u haar asseblief nou laat gaan?' Elsie het na hom gedraai en in haar diep stem verontwaardig uitgeroep: 'How dare you spoil my concert!'

Daardie aand het daar egter tydens een van haar toegifte 'n sagte gegiggel deur die saal getrek. Sy het baie blomme ontvang, wat sy sonder enige ophef op die klavier neergeplak het. In die een stuk was daar 'n lang gedeelte vir die linkerhand alleen – en al spelend sien sy die ruiker se kaartjie afhang. Daar en dan draai sy dit met haar regterhand om, kyk van wie dit gekom het – en gaan doodluiters aan met speel.

Elsie Hall was 'n ware *Wunderkind*. Op tweejarige leeftyd het sy al wysies op die klavier uitgedruk. Haar moeder, wat 'n musiekonderwyser in Toowoomba in Queensland in Australië was, het besef dat daar groot talent verskuil is in dié kind van haar. Toe Elsie se vader, wat 'n joernalis was, 'n pos in Sydney aanvaar het, is Elsie, toe vyf jaar oud, vir lesse na ene Herr Kretschmann. Sy het so vinnig gevorder dat sy reeds in 1886 in die Universiteitsaal van Sydney Beethoven se Derde Klavierkonsert gespeel het. Kort daarna is sy as negejarige saam met haar moeder en jonger sussie, Muriel, na Stuttgart waar sy agtien maande lank aan die Konservatorium studeer het, want, soos Elsie gesê het, 'I had very religious parents

Elsie Hall

and they regarded my talent as a gift from God that had to be looked after.'

Maar kinders moet skoolgaan, en so is Elsie na Engeland, nadat sy 'n studiebeurs in Frankryk van die hand gewys het.

Sy het les geneem by John Farmer, die orrelis van Balliol College in Oxford, en uitstekend gevorder. Aan huis van die oudste dogter van Felix Mendelssohn ontmoet sy toe eendag die wêreldberoemde Hongaarse violis Joseph Joachim. Ek kan my goed voorstel hoe die jong Elsie in bewondering geluister het na die Joachim-kwartet wat daar opgetree het.

Buig of bars, Elsie moes speel vir Joachim, want hy was hoof van die Berlynse Hoërskool vir Musiek. Die nederige en vriendelike man was so beïndruk dat hy daarop aangedring het dat Elsie so gou as moontlik na Berlyn moes kom. 'Sy het 'n gawe van God ontvang, en daarby is sy geseën met wonderlike vingers!' was sy kommentaar.

So het sy dan die voorreg geniet om tot 1896 in Berlyn by 'n groot vriend van Clara Schumann, dr Ernst Rudorff, musiekonderrig te ontvang. Die musikale hoogtepunt was dat sy in daardie jaar die eerste Engelse pianis was wat die gesogte Mendelssohn-prys ontvang het. Die hoofwerk was Schumann se Fantasie Opus 17. Vir Elsie was die hoogtepunt egter die persoonlike kennismaking met Joachim se groot vriend Johannes Brahms, en 'n heel besondere besoek aan Clara Schumann – heel besonders omdat Clara die middag na Elsie se oggendbesoek oorlede is.

Terug in Australië het die negentienjarige Elsie en haar begaafde violis-suster Muriel konsertreise deur Australië onderneem, en het Elsie les gegee aan die Musiekkonservatorium in Adelaide.

Optree-geleenthede was destyds maar skaars in Australië en Elsie was gretig om haar konsertloopbaan voort te sit. So is sy dan terug na Engeland. Daar het sy elke geleentheid om op te tree aangegryp – soveel so, dat sy selfs in die gewilde Music Halls opgetree het saam met onder meer Maurice Chevalier en Sarah Bernhard. Skynbaar was daar 'n tussenpose waar sy klassieke musiek kon speel. Die klavier was 'n reuse-konsert-Steinway, en vir Elsie was dit 'a dream come true'.

Sy het oral op verskeie plekke in Engeland begin optree, en tot haar groot vreugde in 'n Promenadekonsert onder leiding van sir Henry Wood asook in konserte met sir Thomas Beecham. Een van die snaaksste konserte wat sy tydens haar oorsese besoeke in daardie jare gegee het, was toe sy genader is om vir die gesluierde vroue in 'n Turkse harem klavier te speel.

'n Bewonderaar het haar lewe binnegesluip, en in 1913 is sy met dr F O Stohr getroud, min wetend dat sy in Zambië op 'n verafgeleë plek, honderd kilometer van die naaste stasie, sou beland. Hy is gevra om navorsing oor die tsetsevlieg te doen. Niks, maar niks, selfs nie eens tsetsevlieë

nie, sou Elsie weghou van haar voorneme om 'n uitvoerende pianis te wees nie.

Nou het sy haar tyd verdeel tussen Suid-Afrika, Zambië en Europa. In Frankryk het sy selfs gaan kers opsteek by Gabriel Fauré, en in Italië by Hermann Scherchen. In die laaste jare van die Tweede Wêreldoorlog het sy ook vir die troepe in Kaïro, elders in Egipte, en in Oostenryk en Italië konserte gegee.

Kamermusiek het haar na aan die hart gelê. Sy het dan ook gesorg dat kamermusiekgroepe soos die beroemde Loewenguthkwartet Suid-Afrika besoek. Na haar man se dood in 1948 het sy saam met die violis Hermann Solomon konsertreise in Suid-Afrika en ook in Engeland, Frankryk, Holland en Switserland onderneem.

In 'n onderhoud het sy gesê: 'Chamber music is my first love.' Toe sy gevra is watter komponis haar gunsteling is, het sy, nadat sy 'n hele paar genoem het, gesê: 'I suppose, like Pablo Casals, whom I met and played with, my favourite composer is ... old Bach.'

Gevra of sy baie oefen, was haar antwoord, 'niks meer as twee uur per dag nie'. Trouens, Christobel Edwards, by wie sy tuis was in Pretoria, het vertel dat Elsie in daardie tyd feitlik nooit aan die klavier geraak het nie. Sy het gesien hoe die klein figuurtjie in die bed lê, met die laken opgetrek en met die vingertjies aan die beweeg, asof sy speel.

Toe sy al oor die negentig was, het sy na Amerika gevlieg. Toe die vliegtuig land, kom die lughawepersoneel daar aan met 'n rystoel. Hulle het nie geweet wat hulle sou tref nie! 'How dare you ... what do you think I am ... an invalid!? Away with you!' En net so flink soos wat sy altyd op die verhoog opgestap het (iemand het gesê dit lyk asof sy inkopies gaan doen) het sy die trappies afgeklim, met die wit koppie trots omhoog.

Met haar negentigste verjaarsdag op 22 Junie 1967 het Kaapstad haar vereer in die Stadsaal. Sy het die Schumann-Fantasie Opus 17, haar Mendelssohn-prysstuk, gespeel. Meer as 'n duisend konsertgangers het haar toegejuig en staande toegesing toe die sleutels van die stad aan haar oorhandig is. 'Oh, they made quite a fuss,' volgens haar, maar in haar hart was daar diepe waardering.

Sy het soms 'n ongeërgde houding, wat haar amper bot laat voorkom het, gehad. Sy was effe hardhorend en miskien was dit 'n dop waarin sy kon skuil.

Ek het self deurgeloop. Sy was al in die negentig toe sy een aand in die huis van die vrolike musiekonderwyseres Joyce Joubert 'n konsertjie gegee het. Ek het my vergaap aan haar onortodokse en byna moeitelose tegniek. Na die konsert toe ek haar bedank, sê ek: 'May I say something about your extraordinary technique?' Soos 'n kobra trek sy haar regop, reg op te pik, en met 'n frons sê sy: 'Why? Is there

something wrong with it?' Ek wou haar net sê ek bewonder dit. Ons kon darem later lekker lag daaroor.

Daardie aand was een van daardie wat jy nie eens in 'n dagboekie hoef aan te teken nie – jy sou dit nooit, maar nooit, vergeet nie. Bach, Beethoven, Schumann is deur haar spel lewendig voor ons gemaak. Die laaste stuk was die tere 'Meisie en die Nagtegaal' van Granados. Sy het ons meegesleur na die Spaanse tuin met sy geurige blomme, die donkerkopmeisie en die nagtegaal. Aan die einde van die stuk word die sang van die nagtegaal vir 'n ruk uitgebeeld in die hoë register van die klavier ... en terwyl ons ver weggevoer word, draai sy skielik om en sê: 'Ag, you know, lots more of this,' en sy speel so 'n regte triller, sekerlik langer as wat Granados aangedui het.

Geen wonder nie dat haar uitgesproke standpunt was: 'Ek wil altyd iemand bly wat speel wat ek wil, wanneer ek wil en hoe ek wil.'

Dit het die legendariese Elsie Hall getrou uitgeleef.

MIMI COERTSE

'Joubie, hoe lyk dit – sal julle my help? Etienne is mos die sekretaris van die Afrikaanse Musiekklub. Kan ons nie 'n konsert vir Mimi Coertse reël voor sy oorsee gaan nie?'

Vir ons dierbare vriendin Helena Strauss was dit altyd lekker om iets te doen, en buitendien is ons groot bewonderaars van Mimi.

Daardie aand in die stampvol saal van die ou Onderwyskollege het Mimi nie net pragtig gesing nie, maar ook gesprankel. Miskien was die mooi swart rok met sy wye tulleromp vol blinkertjies 'n voorspelling dat sy later op beroemde operaverhoë sou skitter in die gesogte maar veeleisende rol van Koningin van die Nag in Mozart se *Towerfluit*.

Mimi, die jong dogtertjie met die ondeunde donker ogies, wipstert-vlegseltjies en snipgesiggie, het van kleinsaf geweet sy wil sing. Toe sy as sewejarige op 'n verhoog in Germiston getel is om te sing, het sy duiselig geword met die oorweldigende bewuswording dat dit is wat sy eendag wou doen. Soos sy in haar dagboek geskryf het: 'O, ek wil eendag die wêreld se beste sangeres word en dan wil ek ook in 'n opera speel – as 'n sigeunerin met 'n wit satynbloese en goue sterretjies op 'n swart ferweelbaadjie en rooi skirt en swart stewels.' Hoe waar het dit nie geword nie!

Dit was veral Willie, haar broer, wat twaalf jaar ouers as sy was, wat plate aangedra het en haar begelei het met nuwe sangstukke wat hy raakgeloop het. Toe sy elf jaar was het hy vir haar een van haar grootste geskenke vir Kersfees gegee: 'n boek oor musiek! Die titel, *Music and its Makers*.

'Weet jy, Mimi, jy gaan eendag 'n groot sangeres word,' het hy altyd vir haar gesê, en haar dan net daarna geterg. Met twee broers wat soveel ouer was, het sy gougou geleer om haar weg oop te veg. 'Janee, jong, ek het 'n bek aan my gehad, maar weet jy, eintlik was ek tog baie eensaam – dan skep jy mos maar vir jou 'n denkbeeldige maatjie. Hy het 'n doodgewone naam gehad: Piet, ja, Piet! Vir hom het ek alles vertel.'

Kunswedstryde was aan die orde van die dag. Wanneer sy nie gewen het nie, het dit haar net meer vasberade gemaak. 'Ek sal hulle wys!', was haar leuse. Dit het nie net by sang gebly nie – van haar hoogste punte het sy gekry vir voordrag en monoloë. As jy nou regtig wil lag dat jou ribbes seer word, vra dan vir Mimi om te vertel en te demonstreer hoe Martha Mödl gedurende 'n opvoering haar glas-kontaklens op die verhoog verloor het. Daardie eierdans van almal wat bang was hulle trap daarop en Martha se dramatiese uitroepe van 'Mein Aug, Mein Aug!!' kan net Mimi nadoen. Geen wonder dat sy so 'n uitstekende Musetta in *La Bohème* van Puccini

vir Truk was nie – dit was die ondeundste Musetta wat ek nog gesien het.

Musiekmense het begin kennis neem van hierdie vars, natuurlike en soet stem. Gelukkig het sy by Aimee Parkerson begin les neem: 'n uitsonderlike sangonderwyser, wat, gode sy dank, geen skade aan die stem aangerig het nie, maar eerder die grondlegger van 'n stewige tegniek was. Mimi het oral begin sing – selfs terwyl sy op vakansie was, het sy 'n eerste konsert saam met 'n orkes in Durban, haar geboortestad, gegee. Terug in Johannesburg het sy 'n stemtoets by die SAUK geslaag, en op 1 Mei 1952 het sy Dawid Engela, 'n jong komponis, daar ontmoet.

Nou was daar sterre in haar oë. Hier was haar groot liefde waarvan sy gedroom het. Die feit dat hy musikaal was en, nes sy, ideale gekoester het van 'n wonderlike loopbaan vorentoe, het sekerlik die bande vaster geknoop. Alles het so vinnig gebeur. 'n Maand na hulle ontmoeting het hulle stilletjies plekke gaan bespreek op 'n boot na Engeland. Hulle wou net trou. Al die waarskuwings teen so 'n haastige trouery het op dowe ore geval.

Met die *Arundel Castle* is hulle na Engeland. In Londen het Mimi baie siek geword. Lloyd Strauss-Smith, die tenoor, was 'n baie goeie vriend. Op 'n dag toe hy by Mimi en Dawid se kelderkamer aanklop, vind hy Mimi ylend en brandend van koors. Hy het dadelik 'n ambulans laat kom, en in 'n Londense hospitaal het sy eers tot verhaal gekom.

Eintlik wou Mimi na Wenen gaan. Op Mozart se verjaarsdag kom sy en Dawid in die musiekstad aan. 'Hoor hier, gee my net twee jaar, dan sing ek op daardie verhoog van die Staatsopera,' het sy met 'n tikkie bravura van die ou Mimi gesê. Die huwelik was aan die verbrokkel en dit was asof sy besef het dat van nou af aan is die lewe vir haar net SANG.

Sommer die dag na haar aankoms in Wenen het sy Frau prof Maria Hittorf geskakel. 'Ek wil graag by u kom sangles neem. Kan ek môre kom?' Ai, die frustrasie! Die eerste klompie maande is sy, wat net wou sing, net toegelaat om toonlere te oefen. By die Akademie se operaskool het Mimi gedurig, soos 'n jong perd wat geleer word, die toom en saal wou afgooi.

'Van die ander sangers het hier en daar 'n rolletjie gekry, maar ek vervloeks niks,' was haar klaaglied. Daar was 'n rede voor. Prof Josef Witt het haar versigtig voorberei vir 'n groot loopbaan.

Op 20 Januarie 1955 sing sy een van die blommemeisies in *Parsifal* van Wagner as gas van die Weense Staatsopera wat op besoek was aan die San Carlo-operahuis in Napels. Karl Böhm was die dirigent. Hy het dadelik die nuwe gesiggie gesien. Die volgende storietjie is in die boek *Warten auf Hohe C* van Witeschnik aangeteken: 'Wie is dié een dan? Waar kom sy vandaan?' 'Uit Suid-Afrika,' antwoord Mimi. 'Maar dit kan mos nie wees nie,' sê Böhm, 'Jy is dan nie swart nie!' Vir baie jare sou

Mimi Coertse as Musetta saam met Dawie Couzyn in Truk se aanbieding van *La Bohème* van Puccini in 1987 (foto: Truk)

sy met hierdie interessante dirigent saamwerk.

In Junie 1955 slaag sy haar Akademie-eksamen met lof. Die Weense Staatsopera het van hulle laat hoor, en skielik het die toekoms soos 'n lenteboom begin bot. Haar hartseerjare saam met Dawid, haar tuiskoms na haar derde miskraam toe daar geen kos of geld in die solderkamers was nie en 'n onbekende Samaritaan 'n mandjie met brood en melk neergesit het, was alles verby. Dawid is terug na Londen, en so is hulle huwelik in Januarie 1956 beëindig.

Na twee optredes in Basel en Napels as Koningin van die Nag in die *Towerfluit*, word Mimi se droom waar. Op 17 Maart 1956 maak sy as jong sangeres van 23 jaar haar debuut by die Weense Staatsopera, en wel as Koningin van die Nag, onder leiding van Heinrich Hollreiser. Sy sou dié rol meer as 500 keer sing. Sy wat op 5 November 1955 met die heropening van hierdie 'tempel' van opera buite gestaan het terwyl sneeuvlokkies op haar jas en wimpers neergedartel het, was nou binne die poorte van die wêreldbekende en indrukwekkende Staatsopera van Wenen. Sy was nou een van die gesogte kunstenaars: 'Weet jy, ek was só opgewonde dat ek nie eens bang was nie! Ek kon nie glo dat die gehoor my drie keer teruggeroep het na my tweede aria nie. Ek onthou dat een van die meer ervare sangers, Erich Kunz, gesê het, "Wag maar, kindjie, die senuwees kom later." '

Haar beker van geluk het oorgeloop. Roelof, haar ouer broer, 'n mediese dokter, kon haar sien triomfeer, al was hy 'n baie siek man. Een van die voorste handeklappers daardie aand was die nou beroemde dirigent Zubin Metha. 'Ons vriendskap het op 'n snaakse manier begin,' vertel Mimi. 'Dawid en ek was een aand laat op pad huis toe toe ons hierdie verdwaalde jong man op die sypaadjie sien staan het, met 'n afgeleefde ou tas langs hom. In stamelende Duits vra hy waar 'n Jugendheim is. Toe ons hom in Engels antwoord en nooi om maar by ons te kom bly, is 'n lewenslange vriendskap vir my gesluit. Sy ouers het kom kuier en ons was soms agt honger studente aan tafel om aan sy ma se Bombaai-kerrie te smul, maar ai, vir weke daarna het my kookpotte nog die ene kerrie geruik.'

Opvoering na opvoering het gevolg. Sy was die nuwe vonds. In Augustus van dieselfde jaar sing sy 'n asemrowende Konstanze in *Die Entführung aus dem Serail* van Mozart, en dit by die Salzburgfees. Sy was 'n sensasie!

Claudio Arrau, die beroemde pianis, praat van die pragtige, nuwe Mozart-stem, maar voeg so ewe by: 'But why such a name like Coo-êrtse!' Covent Garden nooi haar, en weer eens skitter sy as Koningin van die Nag.

Wenen, die stad van musiek, romanse en schmaltz, se inwoners dra Mimi op die hande. Hulle doop haar 'Unsere Mimi'.

'Ek weet die Suid-Afrikaners dink húlle het my "Onse Mimi" begin noem ... maar dit was eintlik die Weners wat my daardie naam gegee het.' In hierdie stad het Mimi groot hoogtepunte belewe, nie net in die Staatsopera nie maar ook in die Wiener Volksoper, waar sy veral in operettes uitgeblink het, en in die Theater an der Wien. In die beroemde Musikverein het sy dikwels gesing. 'Weet jy,' het sy eendag gesê, 'dit was vir my die eienaardigste gevoel toe ek, 'n Boeremeisie, op die verhoog van die beroemde Musikverein staan en ek besef dat ek nou 'n kollega is van al daardie musici wat hier opgetree het en wie se plate ek versamel het. Dit was die senuagtigste wat ek nog ooit was.'

Aanvanklik het sy feitlik al die koloratuurrolle gesing, soos Zerbinetta, Gilda, Lucia, Fiakermilli en Konstanze. Later sou talle rolle hare word, rolle soos Donna Elvira, Nedda, Violetta, Donna Anna, Norma, Aminta *(Schweigsame Frau)*, Daphne en vele ander.

Met beroemde sangers en dirigente het sy opgetree en bevriend geraak. Sy vertel so 'n mooi storie van Fritz Wunderlich dat ek dit wil herhaal. 'Dit was gedurende 'n opvoering van *Die Entführung aus dem Serail* dat Wunderlich so pragtig gesing het. Gedurende die buigings fluister ek in sy oor: "Fritz, jy het jouself oortref vanaand." "Daar is 'n rede voor," was sy antwoord, "my dogtertjie Konstanze verjaar en ek het spesiaal vir haar gesing." Ons het daar en dan besluit dat hy alleen 'n buiging moes neem in die rigting van die loge waar sy gesit het, en weet jy, ons was skoon aangedaan. Dit was darem 'n groot verlies toe hierdie wonderlike sanger en liewe vriend so vroeg gesterf het.'

Een van die operas wat 'n ware triomf vir Mimi was, was *Lucia di Lammermoor* van Donizetti. Die Wiener Volksoper het hierdie opera in Februarie 1965 spesiaal vir Mimi op die planke gebring. Hulle het geweet dit sou 'n treffer wees. Hierdie rol sou sy talle kere sing. Min het Hans van Heerden geweet dat hy 'n deurbraak sou maak met behulp van Mimi, juis in hierdie opera. Die Pretoriase Operagroep het vroeër dié opera opgevoer met Hans as die priester. Mimi moes Lucia in die Graz-operahuis sing, en toe die sanger wat die priester moes sing siek word, het Mimi dadelik vir Hans, wat pas in Wenen aangekom het, nader getrek. Later sou sy die rol met groot sukses ook in Suid-Afrika sing, saam met Gé Korsten, wat 'n skielike plaasvervanger was vir die Italiaanse tenoor Annaloro, wat net verdwyn het.

Een aand na 'n *Lucia*-opvoering kom vier jong mans na haar kleedkamer. 'Ons het 'n guns om te vra. Een van ons is blind. Hy wil so graag aan u gesig raak want hy bewonder u.' 'Hoe dink jy lyk ek?' vra sy die blinde jongman. 'U het donker hare en oë – u neus is 'n boheemse neus en u vel is lig en sag!' Toe hy liggies oor haar gesig streel, was dit vir Mimi 'n onvergeetlike oomblik.

Mimi Coertse in die waansintoneel uit *Lucia di Lammermoor* van Donizetti
(foto: Truk)

Haar vaderland het sy nooit vergeet nie. So dikwels as wat sy kon, het sy ons land besoek. Met die Uniefees in 1960 het sy 'n skitterende Gilda gesing. Die rolverdeling het George Fourie as Rigoletto en Philip Markgraaff as Sparafucile ingesluit, en daar word vir die waarheid vertel dat Mimi, binne-in die sak, een aand laat val is. Miskien is dit 'n Sak-Sarel-storie!

Met die opening van die Stadskouburg in Johannesburg was sy 'n onvergeetlike pop in *Die Verhale van Hoffmann* van Offenbach.

Sy het dikwels sanguitvoerings gegee, en dan is die opbrengs daarvan geskenk vir jong sangers. Die Mimi Coertse-beurs het sangers soos Wolfgang Annheiser en Gert Potgieter op hulle loopbane geplaas. Baie jare het sy saam met Pieter de Villiers as begeleier opgetree. Pieter het die mooiste musiek gekomponeer, wat sy wonderlik vertolk. Dink maar aan 'Aandblom' en 'Daar bo teen die rant' uit sy *Sewe Boerneefliedjies*, as jy 'n rilling langs jou ruggraat wil voel.

Na jare van sukses, van hartseer, van groot verlange, nie net na haar tuisland nie, maar ook na 'n kindjie van haar eie, het Mimi vir 'n wyle geluk gevind die dag toe sy met Werner Ackerman getroud is. Sy woon in 'n fraai Kaapshollandse strooidakhuis in Pretoria, en put oneindige vreugde uit die grootword van twee pragtige kinders. Sy sing gereeld in operas, operettes, konserte en in radio- en TV-aanbiedings. Sy reis ook deur die land op soek na belowende jong stemme vir die Truk-aanbieding van *Debuut met Mimi*. Vir die kunste beywer sy haar met doelgerigtheid.

Op 'n besoek eendag sien ek, behalwe al die ander memorabilia, 'n silwer roos op 'n spesiale plek. Sy merk dat ek dit bewonder en sy tel dit versigtig op. 'Hierdie roos beteken vir my byna meer as die eretoekenning van Kammersängerin wat ek in 1966 van die Oostenrykse regering ontvang het of, weet jy, miskien ook meer as die Dekorasie vir Voortreflike Diens van Suid-Afrika ... Hierdie silwer roos word net per spesiale geleentheid deur die beroemde Weense Filharmoniese Orkes geskenk en slegs aan die kunstenaars wat hulle as waardig beskou. Vir my 'n ware kleinnood.' En saam met haar was ek bly dat dit nie ook in die brand wat een aand in haar musiekkamer uitgebreek het, vernietig is nie.

Ek wonder soms of ons hier in Suid-Afrika besef hoe diep Mimi in die harte van die Weners gekruip het. Hulle het haar soos 'n koningin behandel. Ek was verstom om in 'n onderhoud wat tydens 'n herbesoek aan Wenen op uitnodiging voor 'n stampvol saal met haar gevoer is te hoor hoe hulle haar aanspreek soos 'n ware hoogwaardige. Daarby het daar 'n gevoel van liefde wat neig na aanbidding uit die aanmerkings vanuit die gehoor gestraal. Sy is nog steeds 'Unsere Mimi' vir hulle. Geen wonder nie dat hulle voorste rooskweker,

Josef Starkl, die roos wat hy uit Suid-Afrika van Herholdts bestel het 'Mimi Coertse' gedoop het. Vandag pryk die rose in die Hofburg- en Tuillerietuin.

'n Paar dae na Hennie Joubert se dood het ek haar besoek. Ons was albei diep bedroef oor die skielike heengaan van ons vriend. Mimi en Hennie saam kon 'towermusiek' maak – dit was asof daar bonatuurlike klanke deur hulle geskep is, en nou was hy weg. 'Dit is tog eienaardig hoe musiek altyd 'n rol speel wanneer iemand wat ek liefhet, sterf,' en sy kyk ver terug in die verlede.

'Toe my geliefde broer Roelof gesterf het, moes ek die volgende dag saam met Viktor Graf my eerste plaat met Afrikaanse liedere opneem. Ek was gebroke ... maar dit was asof iemand my gedra het. Al die liedere het ek net een maal opgeneem, behalwe "Liefste Tannie" – ek kon nie die vrolike liedjie sing nie.

'Toe Willie gesterf het, was ek besig om in die *Vrolike Weduwee* van Lehár te sing – en weer eens het ek iewers vandaan krag gekry. Die wonderlikste egter was toe ek die oggend na Hennie se dood *Suor Angelica* van Puccini in Johannesburg moes opneem. Ek dink nie ek het al ooit so 'n byna bonatuurlike ervaring beleef nie. Toe ek die laaste aria van boetedoening en vergewing sing, was dit asof iets in my oorgeneem het – dit was asof ek Hennie se teenwoordigheid gevoel het.'

Sy gaan na die speler, stel die kasset van hierdie enkelopname op, en skielik is die woonvertrek gevul met die suiwerste en aangrypendste sang – en twee vroue staan en snik, nie net oor die kortstondigheid van die lewe nie, maar ook oor die wondergawe van sang wat jou na geestelike hoogtes kan voer. Geen wonder dat 'An die Musik' van Schubert Mimi se credo geword het nie.

HENNIE JOUBERT

'Reg, stoot maar,' kom dit van Etienne agter die stuurwiel. Bo ons sif die reën saggies neer op 'n see van blare – à la Sangiro. Ons sit vas, en dit tussen die renosters van die Ben Alberts-wildtuin.

Ons stoot (dis Hennie Joubert, John Roos en ek) en die modder spat soos die motor vorentoe ruk. Langs my hoor ek net 'n uitroep van totale walging. Dis Hennie wat met afsku staan en kyk hoe die swart modderklei tussen sy tone uitpeul.

Daardie prentjie van ons wonderlike en sensitiewe vriend met sy opgerolde broekspype en moddervoete sal ek nooit vergeet nie.

Vroeg reeds het hierdie Kersgety-kind – hy is op 27 Desember 1926 gebore – tekens getoon van 'n reuse ingebore talent. In Bellville het hy, soos die meeste van ons maar in daardie jare, klavieronderrig ontvang. Sy musiekjuffrou was kwaai – ook maar goed so, want sy talent wou met hom weghol.

Toe ek hom eendag vra waarom hy nie groot werke komponeer nie, want sy werkies vir musiekeksamens, Kersliedere en koorwerke is ware juweeltjies, vertel hy: 'Jy sien, toe ek 14 jaar oud was en ek begin grootkop kry, het ek 'n werk van taamlike omvang met 'n stel variasies gekomponeer en trots en byna verwaand dit aan my destydse leermeester gegee. Nadat hy daarna gekyk het, het hy voor my kom staan en gesê "So – jy dink jy is Beethoven!" Dit was die einde van my grootheidswaan.'

Aan die Universiteit van Stellenbosch word hy 'n ster-student. Hy slaag in 1947 die BMus, cum laude, met klavier en orrel as hoofinstrumente, sy leermeester die bekende prof Maria Fismer. Die oorsese musiekbeurs van Unisa wat hy in 1944 gewen het, het hy veilig weggebêre sodat hy van 1948 tot 1951 in Zürich kon gaan studeer. Vir hom was dit gelukkige jare, en wanneer hy later weer in Europa gekom het, was dit een van sy vreugdes om sy vorige musiekvriende te gaan verras.

Na twee aanstellings as lektor, een in Potchefstroom en die ander in Stellenbosch, lok Londen hom weg vir verdere uitbou van sy talente.

In 1954 keer hy terug na sy vaderland en breek daar vir hom 'n besige tyd aan as hoof van die NG Kerk se musiekskool in Heidelberg, Transvaal. Sy entoesiasme laat die musiektradisie van Heidelberg bloei. Vandag nog wanneer ek tussen ou koormusiek blaai, val daar bladsy na bladsy uit van koorverwerkings van Hennie wat hy op ou Gestetner-masjiene afgerol het. Hy rig kore af, is orrelis, gee musiekopleiding en komponeer. Van die vandag bekende Kerslied 'Kersnag', wat in die Jo Ross-versameling opgeneem is, vertel hy: 'Ek was op pad terug van die SAUK in Johannesburg waar ek opnames gemaak het. Toe ek by die rante buite Heidelberg

Hennie Joubert en Derik van der Merwe as duopaar, 1980 (foto: Unisa)

kom, lê die dorp met sy winkende liggies voor my. Die Kersgety was naby, en skielik was dit asof dit Bethlehem in Israel was wat aan my voete gelê het. Net daar het hierdie Kerslied ontstaan.'

Unisa het van hierdie begaafde musikus kennis geneem en hom in 1959 gevra om te eksamineer. So beïndruk was hulle met hom dat hulle 'n beurs aan hom toegeken het om eksamenstelsels oorsee te gaan ondersoek. Terwyl hy in Frankryk, België, Nederland, Engeland en Duitsland was, is hy gevra om later na hierdie lande terug te keer vir klavieruitvoerings, met die klem op Suid-Afrikaanse komposisies. Dit was egter met sy besoek aan Japan dat hy 'n krater van homself gemaak het – die kindertjies het spesiaal die volkslied, 'Die Stem', aangeleer om hom te verwelkom, en hy was só beïndruk dat hy nie die trappies gesien het nie, en net daar neergeslaan het 'dat die kranse antwoord gee'!

Na sy terugkeer na Suid-Afrika in 1960 het Pretoria sy tuiste geword en het ons vriendskap met Hennie begin, 'n heerlike, stimulerende vriendskap wat sou duur tot die Sondag voor sy dood, toe hy vir die soveelste keer tussen die twee oggenddienste by Suidoos-Pretoria, waar hy orrelis was, by ons tee kom drink het.

As sekretaris van die Afrikaanse Musiekklub van Pretoria het my man 'n konsert gereël vir Derek Ochse, wat in daardie jare dikwels as vioolsolis opgetree het. Hennie was sy begeleier. Ons was so ingenome met hierdie, toe vir ons 'nuwe' talent in Pretoria, dat daar nie net foto's geneem is nie, maar dat ons hulle ook vir ete uitgenooi het. En dis toe ek my spesiale hoendergereg voorgesit het dat ek sien hoe Hennie so krap-krap in sy bord en so verby die hoender eet. Eers later sou ek van hom hoor dat hy nooit sy mond aan hoender sit nie.

Hy vertel: 'Toe ek so opgeskote was moes ek eendag die Sondaghoender vang en kop afkap – daardie rondhol-afkophoender het my 'n ewige renons in hoendervleis gegee.'

Terwyl hy onderdirekteur van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria, en later lektor aan die Toonkunsakademie van die Universiteit van Pretoria en nog later Musiekdirekteur by Unisa was, het hy dikwels in konserte opgetree. Hy was oral in aanvraag, nie net as begeleier nie maar ook as solis aan die klavier en die orrel. Vir die SAUK het hy solowerke uitgesaai, en ook saam met die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK opgetree. Dit gebeur selde dat 'n kunstenaar twee concerto's op een aand speel. Die Kapenaars onthou nog dat hy Richard Strauss se 'Burleske' as klaviersolis en Händel se orrelkonsert op een aand in Mei 1961 in die Stadsaal met die Kaapstadse Stadsorkes gespeel het, met David Tidboald as dirigent.

Maar dis eintlik as begeleier dat Hennie Joubert die Gerald Moore van Suid-Afrika genoem is. Sy fyn aanvoeling, sy frasering

wat saam met die sanger asemgehaal het, en daardie seldsame gawe om intuïtief aan te voel wat die solis gaan doen, het van hom 'n ongeëwenaarde kunstenaar gemaak. Geen wonder nie dat wêreldberoemde kunstenaars hom geloof het en soms wou oorhaal om as hulle begeleier wêreldwyd op te tree. En watter wonderlike kunstenaars was hulle nie! Nathania Davrath, die Israeliese sopraan, Montserrat Caballé met die pragtige stem, die tenoor Nicolai Gedda, die bariton Hermann Prey en vele ander beroemdes.

Hy het 'n besondere aanvoeling met Montserrat Caballé gehad. Reeds by hulle eerste repetisie, nadat hy die eerste lied begelei het, het sy na hom gedraai en gesê: 'You know, we understand each other – we don't need another rehearsal.' Die uitvoering in die Staatsteater in Pretoria in 1982 voor 'n volgepakte saal was meer as net 'n konsert. Die atmosfeer was byna bonatuurlik – die gehoor was gaande, en as ek reg getel het was daar sewe toegifte. En toe gebeur daar iets so roerend: Montserrat haal 'n roos uit die ruiker wat sy ontvang het, en met 'n innige omhelsing en 'n opregte soentjie gee sy dit aan Hennie. Vandag hang daar in sy musiekkamer 'n foto van Hennie en Montserrat, met die droë roos, saam geraam.

Daar was min van ons eie kunstenaars wat nie deur Hennie begelei is nie, maar wanneer hy en Mimi Coertse saam gemusiseer het, het iets gebeur. Dit was byna asof die twee onbewustelik mekaar aangevuur het om sublieme oomblikke te skep, so asof daar onverklaarbare magte aan die werk was. G'n wonder dat hulle aangetrokke tot mekaar was nie.

As direkteur en later professor van Musiekeksamens aan Unisa het Hennie monumentale werk verrig. Hy het die land deurreis om kursusse aan onderwysers te gee. Sy oogmerk was om standaarde te verhoog, maar ai, hoe boos was party onderwysers nie omdat vrae oor die komponiste van die voorgeskrewe werke by die eksamens ingesluit was, want nou moes hulle oplees! Ek onthou nog oproepe: 'Ag, help asseblief. Ek kry nie iets oor Lemoine in my boek nie.'

Hy het komposisies van Suid-Afrikaners ingesluit, self gekomponeer, en nuwe werke aangevra vir die leerplanne. In 1981 het hy ook eksamens vir blasers en klavierduo's ingestel. Die blad *Musicus* was ook sy breinkind.

Op 'n dag lui sy foon – dis Jenny Basson van Buitelandse Sake wat sê: 'Hennie, hoe lyk dit, wil jy nie 'n beoordelaar wees by 'n internasionale musiekkompetisie in Montevideo nie?' 'Ja, seker,' antwoord Hennie spottend, 'my tas is al gepak.' Maar sy was doodernstig, en so is Hennie na Uruguay. By 'n onthaal van ons diplomatieke verteenwoordiger het die ideaal posgevat om ook in Suid-Afrika so 'n internasionale musiekkompetisie te loods.

Een Sondag het hy soos 'n kind wat nie 'n groot geheim vir homself kan hou nie, so 'n ietsie laat val van 'n groot gebeurtenis. Dit was die geboorte van ons eie internasionale musiekkompetisies in 1982.

Aanvanklik kon hy geen groot borge vind nie, en met 'n omweg het ons gehoor dat hy 'n verband op sy huis geneem het om die kompetisie se koste te dra. Unisa het sy lokale aangebied, die Departement van Nasionale Opvoeding het 'n bydrae gemaak en Norman Nossel, 'n groot musiekliefhebber van die firma Adcock-Ingram, het die prysgeld van die wenner geborg. Dit was egter nie genoeg nie.

Hennie was voorwaar die vader van ons nou wêreldbekende internasionale musiekkompetisies, maar soos ek dikwels sê, sonder John Roos as peetpa sou die kindjie nie so gedy het nie. As iets dringend gedoen moes word, was John, Hennie se regterhand, daar. Met slegs 'n handjievol helpers en 'n groep gewillige dames om kos te maak vir die belangrike beoordelaars van oorsee – dit was niks vreemds om Hennie so tussendeur in die klein kombuisie by die eetlokaal van die beoordelaars 'n slaai te sien optower nie – is die eerste kompetisie geloods, met deelnemers van regoor die wêreld.

Probleme het oral opgeduik: veral met die uitreik van kaartjies. Hennie en John moes dit ook behartig, te midde van al die honderde reëlings – plasing van kandidate by gasouers, ooreenkomste met Truk, met orkeste en dirigente, persvrystellings, huisvesting en vervoer van beoordelaars, ag, te veel om te noem. Hoe uitgeput hulle was, het ek een oggend om vyfuur besef.

Ons neem graag die beoordelaars na die Ben Alberts-wildtuin naby Thabazimbi gedurende die twee dae wanneer die finaliste met die orkes repeteer. Saam met die kos in ons motors – o ja, en Hennie was nog lekker kwaad vir my want die marinade waarin ek die hoender gelê het, het in sy kar uitgeloop – wel, saam daarmee het ook die kaartjies en besprekingslyste gekom wat hulle moes verwerk.

Hennie en John het hulle afgesonder en instruksies gegee dat ek hulle die volgende oggend om vyfuur moes kom wakker maak. Met twee koppies koffie in my hande kry ek die twee uitgeputte mense, nog ten volle geklee in hulle dagklere, vas aan die slaap op stoelkussings op die vloer tussen al die kaartjies.

Hoe anders is alles nie vandag nie! Unisa dra met die hulp van groot borge soos Transnet die hele kompetisie. Daar is talle komitees wat alles reël, daar is TV- en radiodekking – verby is die dae dat ek op die trappe met 'n klein opnemertjie gesit het om opnames te maak wat ek dan in die middernagtelike ure in die Pretoriase SAUK-ateljee verwerk het vir uitsending die volgende oggend.

As Hennie vandag nog daar was, sou hy só trots kon wees op hierdie troetelkind van hom.

Hennie was ook 'n goeie spreker. Dit was vir my 'n voorreg dat hy die ateljeegas met my heel eerste uitsending van 'Musiekposbus' vir die SAUK was.

Hennie was twintig jaar lank orrelis van ons gemeente, Suidoos-Pretoria, en elke Sondag na die eerste diens het hy by ons kom tee drink. Dit was altyd te heerlik om te raai wat Hennie weer uit sy skatkissie sou haal. Koeitjies en kalfies het nie eens 'n wegkruipplek in hierdie kissie gevind nie. Ons gesprekke was, soos te verwagte, meestal oor musiek en musiekgebeure. Een van die klein wonders was dat ons aanvoeling oor veral uitvoerings so eenders was dat mens selfs in die konsertsaal oor 'n paar rye heen sy oog kon vang en weet – ons dink eenders.

Sy laaste besoek aan ons was die Sondag voor die noodlottige motorongeluk die volgende Dinsdag. Hy was op pad om weer 'n toekenning te voeg by dié van die FAK, die Musiekonderwysersvereniging en Unisa. Die Universiteit van Port Elizabeth sou 'n eredoktorsgraad aan hom toeken. Die Sondag besluit ek om los tee te gebruik. Daar was blare in sy koppie. 'Joubero, kyk bietjie wat alles in my koppie staan,' sê Hennie.

Toe ek die koppie neem, was die eerste wat helder en duidelik my oog vang, 'n engeleharp. Ek onthou nog my woorde: 'Hennie, die grootste ding wat met 'n mens kan gebeur, gaan met jou gebeur.' Ek het gedink aan die eredoktorsgraad in Musiek en miskien 'n Presidentstoekenning vir sy bydrae tot musiek. Min het ons kon droom dat dit ons vaarwel sou wees aan ons heel besondere, liewe vriend, Hennie Joubert.

HELENA STRAUSS

'Allemintag! Moenie daar staan soos Lot se vrou nie! En wie het daardie noot so vals gesing? Meisiekind, het jy nog nooit pannekoek gebak nie?'

Ons is besig om te repeteer vir Jan Pohl se musiekblyspel *In 'n Skewe Straatjie*, en dis Anna Neethling-Pohl wat ons die liedjie 'Die boerenooiens bak sulke lekker pannekoek' oor en oor laat doen.

Skielik warrel Jan Pohl met manuskrippapier al swaaiend bo sy kop soos 'n wafferse helikopter die Pretoriussaal binne. 'Hierdie lied moet in,' kondig hy aan. Met armgeswaai en 'n kamma diep buiging voor onse Leentjie oorhandig hy dit aan haar. 'Leentjie, ''Appelbloeisels'' het ek spesiaal vir jou geskryf.' Ons liewe sonskynvriendin, Helena Strauss, het gestraal. Hierdie lied wat sy met haar warm mezzosopraanstem gesing het, was dan ook een van die hoogtepunte in die opvoering.

Wanneer mens na die foto's kyk, staan jy verstom oor wie almal deel was van hierdie treffer. Daar was Jan en Elize, sy pragtige musikale vroutjie, en Anna, medeskryfster en dryfveer agter die aanbieding. (Wie sal ooit Jan se weergawe van die 'Wurmlied' vergeet!)

Kobus Esterhuysen het die verbeeldingryke dekor geskep. Daar was Jan Schutte, later doktor, radioman en skrywer van *Soetmelksvlei*. Sy rol was dié van die romantiese held. Daardie toneel waar hy 'n telegram ontvang en almal dink dat dit geld gaan inbring om Leentjie vir sangstudies oorsee te stuur, was 'n wenner. Jan kon die spanning heerlik laat oplaai deur te maak asof hy die koevert gaan oopskeur en dan te kom met allerlei gissings soos 'Moeder, dalk my moeder?' Uiteindelik lees hy dan: 'Blommetjie het gekalf.'

Gert van den Bergh, ja, die bekende toneelspeler, was die teenvoeter vir Jan Schutte. Sy tandpyntoneel het eienaardig genoeg 'n groot rol in my lewe gespeel. Ek het die rol van 'n verpleegster vir die tandarts gespeel. Die tandarts? Niemand anders nie as die bekende radioman Jan Cronjé. Die tandtrekkery was eintlik skreeusnaaks. Gert, doodbang, word binnegestoot. Ek sing dan die inleiding van die kwartet uit *Rigoletto*, 'Dokter, hier's vir jou 'n pasiënt', so à la operastyl, en as Gert in die stoel vasgepen word, 'Hoe yskoud is jou handjie' uit *La Bohème*. Maar wat die gehoor laat kruip het van die lag was Jan Pohl wat op maat van Mendelssohn se bekende 'Spring song' arme Gert met 'n vlieëspuit uitsit.

Min het ek geweet dat my toekomstige man my daar vir die eerste keer raakgesien het.

Rosina van der Schyff, toe Du Toit, was met haar soet sopraanstem die nooientjie. En nou vir 'n verrassing: die leier van die orkes? Niemand anders nie as die latere goewerneur van die Reserwebank, dr Gerhard de Kock.

Maar in die hoofrol was ons alombeminde Helena Strauss, en aand na aand wanneer ons die slotliedjie, 'Liefste Leentjie', gesing het, het sy onbeskaamd regte trane afgevee.

Reeds as klein dogtertjie op Terugkeer in die Wepener-distrik het sy almal verstom met haar nootvas, soet stemmetjie. As student in Pretoria het sy gou leiding geneem in die Pro Arte-groep en oral gesing. Intussen het sy by Gladys Newboult sang studeer. Met 'n tikkie teleurstelling moes sy na voltooiing van haar studies hoor dat sy na 'n tweemanskooltjie naby Ventersdorp uitgeplaas is. Tipies van Helena het sy eerder die mooi en snaakse dinge uit daardie dae onthou.

Die dag toe Martha Human haar 'n pos aan die Hoër Huishoudskool by Hartbeespoortdam aanbied, het Helena begin blom. In 'n kort tydjie het sy 'n dogterskoor gestig en so goed het die koor jaar na jaar by kunswedstryde gevaar dat die beker later maar permanent aan die skool geskenk is. Een van haar koorlede was Rosina van der Schyff.

Dit was egter toe sy aan die Jacques Pienaar-skool onderwys gegee het dat haar kinderkoor met Anna Bender as begeleidster bekendheid verwerf het. Dit was die eerste kinderkoor wat uitgesaai het, en die Belgiese omroep het van die opnames aangevra.

Helena wou egter sing. Die Rotelina-trio wat sy gestig het, het gou bekendheid verwerf en selfs opnames gemaak. Sy kon so heerlik vertel van die opnames, waarvoor elkeen twee ghienies (R4,40) gekry het. 'Daar al met die smal trappies op en langs 'n donker gang het Rosina, Tina Stoffberg en ek in die ou gebou in Kerkstraat ons pad gesoek na die ateljee. Die sing voor die mikrofoon was 'n gedoente ... terwyl ons sing stoot die regisseur ons vorentoe of trek een van ons weer terug. En ek is nogal 'n gewiggie! Maar, kyk, ons was lede van die ''Katdorings'' wat orals konserte gegee het, ja selfs in gietende reën, bo-op vragmotors, en ons was taai.'

Die 'Katdorings' was 'n groepie onder leiding van Anna en Jan Pohl wat gedurende die oorlogsjare met musiek, voordrag en sang oral volgepakte sale getrek het. Hulle fyn gespot met al die gebeure in die land het hulle sukses verseker.

In daardie jare het W E G Louw 'n pragtige teks vir 'n Kersspel geskryf wat toe in Pretoria uitgevoer is. Lotte van Rheede van Oudtshoorn het ons afgerig. Hier het Helena weer haar gewig ingegooi. Vir 'n hele aantal jare was dit 'n gereelde instelling in Pretoria en is 'n hele paar uitvoerings na mekaar aangebied. Later het Bosman de Kock, latere direkteur van Truk, ons afgerig. Hoe goed onthou ek nie ons afsluitingspartytjie by die Fonteine nie. Ons sou vleis braai en vrolik wees, maar toe die son met sy verfkwas rooi strepe in die lug verf en die aandster verskyn, val ons byna tegelyk in met 'Die môrester het opgegaan',

en daar in die donkerwordende vallei, met die bome as luisteraars, sing ons die hele Kersspel deur.

In 1950 word Helena aangestel as dosent in musiek aan die Onderwyskollege in Pretoria, en na prof Gerrit Bon se aftrede word sy hoof van die Musiekdepartement. Daar volg 'n bloeitydperk. Sy ontdek sangtalent en spoor die jong sangers aan. So het sy eendag by my gekom en gesê: 'Joubie, hier is 'n student met die allerwonderlikste basstem. Dis 'n ongelooflike talent. Kan hulle nie 'n musiekaandjie by julle aan huis reël nie? Hy móét gehoor word.' Hoe goed onthou mens nie die verbasing op almal se gesigte nie toe Rudi Neitz se ryk stem oor ons spoel. Later sou hy groot hoogtes bereik. Dan was daar ook Ronel Markgraaf met haar ryk altstem wat veral bekendheid in oratorium-uitvoerings verwerf het, en Marie du Plessis, 'n mezzo wat verskeie rolle vir die Pretoriase Operagroep vertolk het.

Helena se sterkste aanspraak op roem was nie soseer haar uitsendings van rolle in operettes van Pierre Malan en Bosman de Kock nie, al het sy saam met sangers soos Mimi Coertse en Gert Potgieter opgetree. Haar forté was die Cantare-dameskoor, wat een namiddag in 1956 in Marie du Plessis se klaskamer gebore is.

Helena het uitgesoekte stemme saamgesnoer in 'n ensemble van die hoogste artistieke gehalte. Hulle was dan ook die wenners van 'n landwye SAUK-kompetisie. Toe TV in die sewentigerjare ons woonkamers kom oorrompel het, was dit Helena se Cantare wat die eerste koor was om op die kassie te verskyn – deftig in nuwe drag. Wat haar afrigting so besonders gemaak het, was die fynste nuanses wat sy met die kleinste gebare uit die koor kon optower.

Sy was nie net 'n liefhebber van die kunslied nie, maar 'n ware kenner wat geput het uit die skatkis van die beroemde Elena Gerhardt. Oor haar studies in Londen in 1949 kon sy liries raak. 'Ek het nooit gedink dat ek so 'n kans sou kry om by Elena Gerhardt te studeer nie. Dit was 'n droom wat waar geword het. Aan haar voete het ek geleer wat die woord vertolking beteken. Sy was 'n harde leermeester. Sy het self voor die klavier gesit en soms het sy weggevoer geraak en self begin sing. Dit was wonderlik. Nobby, haar swart spaniel, was altyd by en hoor hier, dis nie storietjies nie, maar as jy lelik sing, begin hy blaf. Dan sê sy: "Kyk, Nobby hou nie daarvan nie." Ai, dit was goue dae.'

Geen wonder dat sy soveel sukses met die Cantare behaal het nie. Een van die hoogtepunte was in 1977. Die Cantare het vir Truk 'n uitvoering in die Musaion gegee, uitsluitlik van werke van ons eie Suid-Afrikaanse komponiste. 'Kan jy glo, Pieter de Villiers het die "Op die Krovlak"-siklus spesiaal vir ons gekomponeer! Is dit nie iets wonderliks nie?' het sy opgewonde gesê. Haar laaste optrede voor haar geliefde